

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 69

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

WAT IS DIE DOOP ?

T. J. J. Kruger

Weet jy wat die doop beteken?

Nie?

Goed, luister dan. Jy behoort die geskiedenis van Adam en Eva in die paradys te ken en weet hoe hulle sonde gedoen het. Met daardie sonde wat hulle gedoen het, het hulle ook vir jou en my in die verderf gestort. Ons is hulle nageslag. As gevolg van hulle moedswillige ongehoorsaamheid word ons in sonde ontvang en gebore. Jy kan daarvan in Psalm 51:7 lees.

Deur die ingewing van die duiwel en die moedswillige ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, kan ons God en ons medemens nie meer liefhê nie. Die vader van die sonde, die duiwel, het ons vader geword en ons sy kinders.

Hoe kom ons in die Koninkryk van God?

Ons moet weer gebore word.

Dit is juis wat die doop ons wil leer.

As jy vuil is, gaan was jy jou. Die water maak jou skoon.

Het jy al gewonder waarom die predikant die water op die voorkop van die kind sprinkel?

Daardie water dui daarop dat net soos water vuilheid wat aan ons liggame kleef, afwas, net so was die **bloed** van Jesus Christus die vuilheid van die sondes af.

In die Naam van...

Hoekom word ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees?

As ons gedoop word in die Naam van die Vader, wil God aan ons sê dat ons nie meer kinders van die duiwel is nie. Hy het ons deur Christus aangeneem as sy kinders en erfgename. Daarom wil Hy vir ons sorg net soos, nee, nog veel meer as wat 'n aardse vader vir sy kinders sorg. As ons gedoop word in die Naam van die Seun, dan beteken dit dat Jesus Christus ons deur sy bloed skoon was van die vuilheid van ons sondes. Verder beteken dit ook dat ons van ons sondes vrygemaak en regverdig gereken word — d.w.s. asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie.

Hoekom moet ons dan nog gedoop word in die Naam van die Heilige Gees? Omdat die doop aan ons wil wys dat die Heilige Gees in ons harte woon. Elke dag is Hy met jou besig. Jy kom dit nie sommer agter nie, maar deur daardie doop wil Hy aan jou wys dat Hy jou lewe verander.

Ek sal vir jou 'n God wees

In die doop sit die gedagte van 'n verbond — 'n ooreenkoms wat God met ons aangegaan het: Hy wil vir ons 'n God wees en ons moet sy kinders wees. Jy behoort al 'n ooreenkoms te gesien het. Elke ooreenkoms het twee kante — ook die doop. Aan die

een kant staan God en Christus as die Verbondgewer en aan die ander kant staan jy as verbondnemer. Ek het pas aan jou vertel wat God doen as die Verbondgewer. Wat is nou jou taak as die verbondnemer?

Jy moet gehoorsaam wees en luister wat God aan jou wil sê. Jy moet die Here liefhê. Dit beteken: jy moet **nie net sê** jy het Hom lief nie, maar jy moet dit **ook wys**. 'n Voorbeeld: as jy Sondagoggend kerk toe stap, dan wys jy aan jou buurman, wat ongeskeer en ongekam sy Sondagkoerant sit en lees, dat jy die Here liefhet. Jy gaan luister na wat Hy sê.

Om die Here lief te hê, beteken ook dat jy teen die sonde sal stry. Dit is moeilik, maar daarvoor het Hy aan jou die gebed gegee. Jy moet gereeld bid. Die doop wys jou daarop dat jy dit as kind van God mag en moet doen.

Jou kinders?

Wat nou van jou kinders wat nog nie gedoop is nie? Jy sê dat daardie babatjie tog niks van hierdie dinge verstaan nie, maar besef jy dat daardie babatjie in sonde ontvang en gebore is? Dis waar dat hy nou nog nie genoeg verstand het om dit te besef nie, maar **jy** kan dit tog besef. Net soos jy op grond van God se Woord behoort te besef dat hy in Christus, deur God in genade, as sy kind aangeneem is. Jy weet tog dat Christus die kinders na Hom geroep het en dat God sy belofte ook aan hulle gegee het.

Dit is daarom nie jou kind se plig om hierdie dinge eers te verstaan nie. Dit is jou plig om hom dit te leer en te vertel. Jy moet aan hom vertel dat hy gedoop is en hoekom hy gedoop is. Dit is nie nodig dat jy aan hom moet vertel dat hy eendag gedoop kan word nie en om dan die beslissing of hy gedoop wil word aan hom oor te laat nie — dan onduik jy jou plig en misken jy God se verbond.

Jy weet wat gebeur as 'n mens 'n ooreenkoms het en jy kom dit nie na nie. Dan het die ander party die reg om volgens die ooreenkoms te handel.

As Hy dan aan jou vra hoekom jy nie jou doopsbelofte nakom nie, wat gaan jy sê?

.....

BESNY- DENIS EN DOOP

H. van der Bijl

Effektief!

Is u bewus van besnydenis?

U antwoord is waarskynlik bevestigend.

Die dokters en die mediese wêreld het daarvoor gesorg dat bewustheid van besnydenis nie noodwendig tot "Abraham se nasate" (die Jode) beperk is nie. Die tradisie by baie volke waar besnydenis deel van inisiasie is, is ook bekend.

Sluit u kennis van die besnydenis ook die Bybelse aspek in? Dan verkry u kennis hiervan dieper, heilsamer dimensie.

Net 'n paar Bybelse feite:

Het u geweet dat die besnydenis gedien het as 'n effektiewe **identifikasieteken** van Goddelike oorsprong? (U weet alles van effektiewe padtekens — helder, weerkaatsende, rooi, geel, groen en wit padtekens. Jy kan dit nie miskyk nie).

Het u geweet:

- dat die besnydenis die sondaarmens geïdentifiseer het as die eiendom van die Enige, Ware, Lewende God?
- dat dit aanspraak gegee het op kindskap by God met al die versekering van sy vaderlike sorg en liefde daaraan verbind?
- dat dit 'n baie effektiewe identifikasieteken was met die inherente krag van terugkerende, daaglikse herinnering aan die verbond van God met die mens?
- dat die bloeding wat gepaard gegaan het met die besnydenis te doen gehad het met sonde en dood, maar ook met versoening en lewe?
- dat nalatigheid t.o.v. die besnydenis met uitroeiing uit die volksgemeenskap (verbondsgemeenskap) gestraf is?
- dat die geldigheid van die besnydenis as identifikasieteken vir God se kinders nie meer van krag is nie? (Jesus Christus het met sy bloedstorting op Golgota 'n einde gemaak aan alle seremoniële bloedvergieting).
- dat die besnydenis, ondanks sy effektiewe krag, sover dit die mens betref, gefaal het as gedagtenisteken, as identifikasie, omdat u en my geheue deur die sonde totaal afgestomp is? (Israel s'n was die bewys daarvan. Ons kan enigiets onthou behalwe God en sy Woord).

Hierdie en ander feite omtrent die besnydenis kan u vind onder andere in Gen. 17; Rom. 2 en 4; Gal. 2 en 5; Filip. 2 en Kol. 2.

Nou gaan ons verder.

Christus se besnydenis

Het u geweet van Jesus Christus en sy besnydenis? Nie net dat Hy op agt dae volgens die Wet besny was om daardeur as 'n kind van die verbond aangesien te word na die uiterlike nie, maar dat Hy deur God self op "effektiewe" wyse geïdentifiseer is — as die Seun van God met die neerdaal van die **Heilige Gees** op Hom?

Besef u dat God nou deur die Heilige Gees ook ons op baie effektiewer wyse as deur die besnydenis tot sy kinders wil eien en sy verbond aandagtig wil maak en inskerp?

Deur die Heilige Gees waarborg God vandag 'n geheue, wat in weerwil van die sonde wat afstomp, God nooit, nooit meer laat vergeet nie.

Hierdie 'besnydenis wat nie met hande verrig word nie' wil God nog deur 'n teken aandui en wel die teken van die doop, waardeur Hy ons vandag nog wil herinner aan die verbond wat Hy met ons in Christus aangegaan het.

Is u bewus van die doop?

Is u bewus van die effek van die doop?

Laat u nie mislei deur die onbeduidende bietjie water op die voorkop van 'n onwetende kind wat ten doop gehou word — dikwels deur onkundige ouers nie.

Hierdie teken is in die laaste instansie nie 'n waarborg dat u en ek sal onthou nie, maar **dat God in Jesus Christus onthou!** God sal nie vergeet dat ek sy kind is nie. Die doop het Hy as teken gegee om my daarvan te verseker.

Tog spreek die doop ook van iets wat God wil vergeet, nl. al my sonde en skuld. Daaraan wil Hy ter wille van die bloed van Jesus Christus, nooit dink nie.

Daarom het die doop die duidelike en effektiewe teken van God se weë geword om vir u die heilsweg aan te dui — meer as al die rooi en wit en geel en groen weerkaatsers om u op die veilige pad te hou.

Besef u dan ook dat nalatigheid by soveel heerlike Goddelike trou in u doop, die gruwelike miskenning van God se verbond met u beteken?

Ek vra u dus: Quo Vadis? Waar gaan jy heen?

Is jou doop vir jou nog die effektiewe wegwysers?

.....

DIE KINDER- DOOP

P.W. Buys

Geskiedenis

In die 16de eeu n.C. was daar in Europa 'n groep mense wat hulle aan ernstige uitspattighede skuldig gemaak het. 'n Aantal van hulle het in 1534 in Munster byeengekom, die burgerlike owerheid omver gewerp, die kerke beroof en 'n "duisendjarige vrederyk" uitgeroep.

Een van die tipiese beskouinge van hierdie mense was dat die kinderdoop ongeldig is en daarom het hulle die volwassenes weer oorgedoop. Om hierdie rede is hulle Anabaptiste of Wederdopers genoem. Die geestelike nageslag van die Wederdopers het oor sowat alle Christelike lande versprei. 'n Mens tref hulle ook in Suid-Afrika aan. Vandag pleeg hulle nie meer opstand teen die owerhede nie en ook baie van die uitspattighede van die verlede kom gelukkig nie meer voor nie, maar die beswaar teen die kinderdoop het gebly.

Die teenstanders van die kinderdoop voer vir hulle standpunt die volgende argumente aan:

1. Hulle sê daar is in die Skrif geen enkele uitdruklike bevel om kinders te doop nie. Hierop is my antwoord: Daar is in die Bybel ook geen enkele verbod op die doop van klein kindertjies nie. Wat meer is: daar is in die Bybel ook geen uitdruklike bevel dat vroue moet Nagmaal gebruik nie. By die instelling van die Nagmaal was net mans teenwoordig — en tog lei ons uit die Skrifverband af dat vroue ook behoort nagmaal te gebruik. So moet ons ook by gebrek aan 'n uitdruklike, woordelike bevel of verbod in verband met die kinderdoop uit die Skrifverband aflei wat die Wil van God is.

2. Hulle sê daar is geen enkele voorbeeld in die Bybel van 'n kind wat gedoop is nie. Hierop is my antwoord: geen wonder nie. Toe die apostels uitgegaan het om dissipels van alle nasies te maak en hulle te doop, was dit veral groot mense wat uit die heidendom by die Christelike Kerk aangesluit het. Ons lees wel van gevalle waar hele huisgesinne gedoop is, byvoorbeeld die huisgesin van Cornelius (Hand. 10:47-48), die van die tronkbewaarder van Filippi (Hand. 16:33) en die van Stefanus (1 Kor. 1:16). Waar hier sprake is van hele huisgesinne wat gedoop is, sal dit tog merkwaardig wees as in al hierdie huisgesinne geen kinders was nie.

3. Hulle sê die kinders verstaan die doop nie en daarom is dit ontheiliging van die doop as jy dit aan kinders bedien. Hierop is my antwoord: in die Ou

Testament is die kinders besny. Hulle het die besnydenis ook nie verstaan nie. In die Nuwe Testament het Christus hulle die hande opgelê en geseën. Dit het hulle ook nie verstaan nie.

4. Hulle sê die Bybel stel as voorwaarde dat alleen diegene wat die Bybel glo, gedoop mag word en ons kan nie weet of 'n kind wel 'n gelowige is nie. Hierop is my antwoord: kan 'n mens wel weet of 'n grootmens glo? Die Bybel leer ons dat daar baie huigelaars is wat wel 'n gedaante van Godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.

Wat sê die Woord van God?

Wat die Bybel ons aangaande die kinderdoop leer, word baie duidelik in die Heidelbergse Kategismus weergegee. Op die vraag of die jong kinders ook gedoop moet word, is die antwoord: "Ja, want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is en aan hulle nie minder as die volwassenes nie deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word, soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die besnydenis, waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is." (Heidelbergse Kategismus, Sondag XXVII, vraag en antwoord 74). Die goeie reg van en plig tot die kinderdoop berus volgens hierdie verklaring van die Kategismus op die volgende:

1. Die kinders van gelowige ouers is net soos die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente (sy verbondsvolk) ingesluit. Dit word baie duidelik in die Bybel geleer: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou en in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou." (Gen. 17:7).

2. Omdat die kinders van gelowige ouers in die verbond wat God met sy volk opgerig het, ingesluit is, mag niemand die verbondseël van hulle weerhou nie. Dit is die bevel van die Here: verbondskinders, groot en klein, moet die verbondseël ontvang. 'n Boer merk nie net sy groot skape nie... God ook nie. Die kinders van die gelowiges kom dus nie deur die verbondseël in die verbond nie; intendeel, omdat hulle in die verbond gebore is, moet hulle die verbondseël ontvang.

3. Die weldade van die verbond, nl. die verlossing van sondes deur die bloed van Christus en die Heilige Gees wat die geloof werk, word nie minder aan die kinders as aan die volwassenes toegesê nie.

4. Daarom moet die kinders, net soos die volwassenes, in die gemeente ingelyf word. Die kerk van Christus is nie 'n vereniging of genootskap waarvan Christus die voorsitter is en waarvan 'n mens na willekeur deur aansluiting lid kan word of kan nalaat om lid te word nie. Volgens die Bybel is die kerk die volk van God waarvan Christus die koning is. 'n Mens word lid van 'n volk kragtens jou geboorte uit ouers wat lede van die volk is. So word kinders van gelowige ouers as lede van die volk van God gebore en moet hulle deur die doop "geregistreer" word as lede van God se volk.

5. In die Ou Testament het hierdie "registrasie" of "inlywing" plaasgevind deur middel van die besnydenis. In die Nuwe Testament het die doop in die plek van die besnydenis gekom: "In wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin jul ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het." (Kol. 2:11-12).

Paulus redeneer hier soos volg: die besnydenis wat in die Ou Testament met hande plaasgevind het, het sy vervulling in die besnydenis van Christus gevind. Met Christus se

besnydenis word hier bedoel: Sy afsnyding uit die land van die lewendes — dus sy dood. In hierdie Christus is die gelowiges ingesluit. Dus is hulle in Hom ook van die sondes van die vlees verlos en dit word in die Nuwe Testament afgeteken en verseël deur die doop. Dit geld nie net van die grootmense nie, maar ook van die kinders van die gelowiges.

Die kinders van die gelowiges is dus nie vondelinge van wie 'n mens nie weet of God hulle Vader en of die satan hulle vader is nie, maar hulle is bondelinge — kinders van die verbond op wie God in die doop sy hand lê en sê: jy is my kind. Later, wanneer hulle tot hulle verstand gekom het en deeglik onderrig is in die Skrifte, antwoord hulle by die aflegging van hul geloofsbelydenis: U is my Vader.

.....

BESPRIN- KELING EN ONDER- DOMPELING

G. H. J. Kruger

As een van die strydpunte oor die doop word die volgende ongegronde bewering gemaak: besprinkeling is geen werklike doop nie! Daarteenoor word meewaardig en met vrome wysheid en oppervlakkige kennis betoog: onderdompeling is die enigste werklike en saligmakende doop! Hierdie oppervlakkige beoordelings en uitlatings oor die **manier** of metode van doopsbediening is niks anders as 'n sondige verdagmaking en die saai van onnodige twyfel in die gemoed van kinderlik-oprege gelowiges nie.

As Christene aanvaar ons **die hele** Bybel as die Woord van God. Derhalwe is sowel die Ou- as die Nuwe Testament deur die eeue, asook in ons tyd, van toepassing en geldend. Sekere gedeeltes kan tog nie geskrap of weggelaat word en andere gedeeltes mag ook nie weer oorbeklemtoon word nie. Dit is die plig van elke gelowige om nugter en gebalanseerd in sy of haar godsdiens te wees en dit te bly in die uitlewing van sy of haar geloof. Om so te kan leef, moet elkeen die hele Bybel bestudeer en goed ken.

Wat sê die Bybel?

Van besprinkeling lees ons in die Ou Testament. Hier word die woord gebruik by sekere handeling tydens die offer- en wydingsdiens. Die offers is gebring tot versoening van sondes en persone, onder andere die priesters, is gewy in die diens van God. By hierdie plegtighede is bloed en/of olie gesprinkel en/of gestryk. Lees gerus Lev. 14, 16, Eksodus 29.

Die bloed van al die diere wat as offerande geslag is, is opgevang in houers of kanne en die priesters moes van hierdie bloed met die vinger op die versoendeksel sprinkel. Ook is takkies in die bloed gedompel en teen die drumpel of kosyn of op die versoendeksel gesprinkel volgens onder andere Eksodus 12. By die reiniging van 'n melaatse moes tot sewe keer op die persoon gesprinkel word, voordat hy rein verklaar is en moes die huis ook besprinkel word. Die bloed is gesprinkel en dit het aangedui dat die persoon gereinig is, sodat daar herstelling en vergewing van sonde is. Hierdie bloed van die diere wat geslag is, het heengewys na die offerande van Christus en die storting van sy bloed tot vergiffenis van sondes.

Die hoeveelheid

As 'n mens nou rustig die Ou Testament lees en kennis neem van die simboliese handeling, dan kom jy diep onder die indruk van: die wysheid van God, die grootheid van sy genade en barmhartigheid, die

Dit wankel nooit

*Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,
en aan u trou, o Heer, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die eew'ge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.*

- Ps. 89:1

omvang van sy ontferming, die plegtigheid en verheuenheid van sy diens, maar 'n mens kom ook onder die indruk van die soberheid en eenvoud waarmee dit alles plaasgevind het en wat die offerandes simboliseer. Die bloed wat in die houer opgevang is, is nie sonder meer oor die persoon of volk of voorwerp uitgegooi nie, maar dit is gesprinkel. Dit was nie die hoeveelheid bloed wat die reiniging of versoening

bewerkstellig het nie, maar die feit dat daar **geloof** aanwesig was. Dat water in die plek van bloed kom, lees ons in Eseg. 36 en hoe dit 'n kwessie van geloof is, bemerk ons in hierdie gedeelte: "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word..."

By die besprinkeling het ons slegs te make met 'n gedeelte van die huis of die liggaam van 'n persoon. Nie die hele huis is besprinkel of bestryk nie, maar slegs die bo-drumpel en kosyne, — by die wydingsdiens van die priester of die rein-verklaring van 'n melaatse is slegs die hoof (kop) bestryk met olie of bloed, want 'n mens se kop verteenwoordig jou hele liggaam. Christus het gesê: as die voete gewas is, is die hele liggaam skoon en in Openb. 14 en 22 lees ons weer van die uitverkorenes op wie se voorhoofde die Naam van die Lam en die Naam van die Vader geskrywe is.

Ons het nou reeds tot die Nuwe Testament gekom en vind verder dat die gedagte van besprinkeling in Hebr. 9 en 10 beklemtoon word waar die verband gelê word tussen die offerandes van die Ou Testament en die offer van Christus wat eenmaal aan die kruis volbring is. Dan spreek die Apostel van die versoening en dat die harte besprinkel en gereinig is. Hier word 'n verband gelê tussen wat inwendig plaasgevind en wat uitwendig afgebeeld word. Die doop, die water wat gesprinkel word, is 'n teken en seël van die afwassing van die sonde.

Met water of onder water?

Die doop moet onder alle omstandighede gesien en beskou word as 'n **teken** en **seël** en daarom is dit beslis nie nodig om **in** of **onder** die water te gaan of om "letterlik begrawe" te wees deur die doopwater om "gereinig" te wees nie! Nee, deur die tekste aan te haal en te verwys na die doop van Jesus en die kamerling van Ethiopië openbaar die mense wat onderdompeling voorstaan dat hulle kennis van Grieks gering is en hulle verklaring van die Skrif oppervlakkig.

Selfs vind hierdie metode van doop nie die nodige steun in die kerklike praktyk wat hulle graag wil voorgee nie. Hulle kan nie bewys dat die gelowiges in hulle duisendtalle op die Pinksterdag by 'n vol rivier of by 'n plek met baie water was waar almal dan ondergedompel is nie. 'n Mens wonder maar net of die sipier te Filippi en sy huisgesin in daardie, vir hulle wonderbaarlike nag, by soveel water was dat hulle ondergedompel is. (Hand. 2 en 16).

Deur die Ou en Nuwe Testament grondig te ken en te bestudeer, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat besprinkeling as 'n manier van doop heeltemal geregverdig en in lyn is met die Bybel. In hierdie tye van verwarring en verdagmaking is dit belangrik en noodsaaklik dat elke gelowige 'n **grondige** kennis van die Bybel sal hê ten einde die geestelike en godsdienstige strominge te beoordeel en as **die kennis** aanwesig is, sal die ware en egte

dadelik uitgeken word Dan sal besef word dat die doop 'n **teken** en seël is van die genadeverbond. By die teken en seël gaan dit om met water gewas te wees en **nie** om slegs uitwendig in water gedompel te wees nie.

Elke persoon wat besprinkel is, hoef nie te twyfel aan wat op sy of haar voorhoof verseël is nie! Ja, wie twyfel, skat die verbondsbelofte van God gering en minag dit eintlik. Nee, wees bly in die Here en jubel in die geloof, omdat u verseker is van u versoening deur die bloed van Jesus Christus.

.....

MAAK DIE DOOP SALIG ?

P. G. Geertsema

Die pastorie se deurklokkie lui. Tweemaal, kort na mekaar. Ek maak die deur oop. Voor my staan 'n vrou. Ek herken haar as 'n lidmaat wat baie ongereeld kerk toe kom. Haar man is kerkloos.

Sy is baie gespanne en wil dadelik begin praat, maar ek nooi haar vriendelik studeerkamer toe, sodat ons daar rustig kan gesels. Eers wil sy nog beswaar maak, maar dan stap sy voor my uit. Terwyl ek die deur toemaak, gaan sit sy op die stoel se rand en hou haar handsak senuweeagtig vas. Dan kom die groot vraag, skielik, gespanne: "Dominee, kan u asseblief my baba kom doop? Die dokter sê dat hy baie, baie ernstig siek is!" Angstig-gespanne kyk sy my aan... wag sy op 'n antwoord.

Ek kry haar jammer — hierdie suster in die geloof. Gebore uit 'n streng-godsdienstige huisgesin, het sy getrou met 'n netjiese, maar ongelowige man. Destyds het hy aan sy toekomstige skoonouers mooi beloftes omtrent kerkbesoek gemaak. Hy het selfs laat deurskemer dat hy moontlik 'n katkisasieklas gaan bywoon om belydenis van geloof te kan aflê.

Dit was vóór die huwelik. Nou is dit vier jaar later. Van al sy beloftes het niks gekom nie. Nadat die eerste baba gebore is, het hy summier geweier om by die doop saam met haar voor die kansel te staan. Hy was nie eers in die kerk nie, maar sy het gekom en die kindjie is gedoop. 'n Mens kan verstaan dat sy onverskillige houding ook 'n uitwerking op haar geestelike en kerklike lewe gehad het.

Hierdie dinge bly mos nie in 'n mens se klere sit nie! Haar kerkgang het stadigaan verslap.

Langs 'n ompad het ek van die tweede baba se geboorte verneem. Toe my vrou en ek haar besoek het, het ons ook oor die doop gepraat. Sy het toe belowe om dit so gou as moontlik te laat gebeur. Tog het sy uitgestel... drie maande en nou sit sy voor my, verpletterd.

Die dokter was eerlik teenoor haar en het haar vertel dat die seuntjie moontlik nie sal lewe nie. Dit sal 'n verskriklike slag vir haar wees as hy sterf en daarby het die alles-oorheersende vraag gekom: wat word van my kind as hy dalk ongedoop sterf?

In stilte vra ek die Here om wysheid en insig. Dan maak ek die Bybel oop by Hand. 4:12 en ek lees: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." "Kyk Lettie" sê ek vir haar, "dit is een van die mooiste tekste in die Bybel. Die mens se saligheid rus in die verlossing wat Jesus Christus vir sy kinders bewerk het. Dit lê daarin en

in niemand of niks anders nie. Jy glo dit mos ook, nie waar nie?

"Ja, dominee", kom dit vinnig, "maar..." "Ek weet wat jy wil sê, Lettie. Jy gaan my nou vertel dat jou baba nog nie in Christus kan glo nie en dat hy nou gedoop moet word as hy dalk sou sterf."

Sy knik instemmend, maar praat nie. Stil-afwagting is sy nou bereid om te luister. Nou kan ek rustiger praat.

Ek vertel aan haar wat die agtergrond en die basis van die doop is. Ek wys haar op die verbond wat God eeue vantevore met Abraham opgerig het en waarvan die besnydenis die teken was. In die Nuwe Bedeling het God nie verander nie. Ook het sy verbond nie verander nie. Slegs die verbondsteken het verander, want die doop het die plek van die besnydenis ingeneem. Daarom geld die woorde van Ps. 105:8 vandag nog net soos vroeër: "Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte." Daarom moet ons altyd van die verbondsteken teruggaan na die verbond en na Hom wat dit met die gelowiges en hulle kinders opgerig het. As die teken aan 'n verbondskind sou ontbreek by sy sterwe, wil dit nie sê dat die verbond nou as gevolg daarvan kragteloos is nie. Nie die teken nie, maar die verbond-self is vir ons van die allergrootste waarde.

Ek haal uit die Dordtse Leerreëls, Hfst. 1,17 die volgende aan wat Gen. 17:7, Hand. 2:39 en 1 Kor. 7:14 as uitgangspunt het: "Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is, daarom moet Godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hul jeug uit hierdie lewe wegneem nie."

"Lettie, as dit die Here se wil sou wees om hierdie kindjie van jou weg te neem, mag jy, as sy gelowige moeder, vertrou dat Hy hom tot Hom sal neem. God se belofte is vas en seker en dit omvat die gelowiges en hulle kinders. Nie die doop maak iemand salig nie, maar alleen die geloof in die verlossing van Jesus Christus."

Sy het sag-snikkend die Woord van God gelowig aanvaar. Ek het gewet dat sy bereid was om haar seuntjie ongedoop aan die Here af te gee as dit sy wil sou wees. Toe het ons saam gebid. Met nuwe geloofskrag is sy huis toe. Die baba het nie gesterf nie. God was die gesin genadig.

'n Paar weke later is hy gedoop in die naam van die drie-enige God. Hy het die teken van God se verbondsgenade ontvang. Dié keer was die man ook in die kerk. Hy het selfs by haar voor die preekstoel kom staan. Het hy ook verstaan dat hulle hul kind net deur God se goedheid terugontvang het?

Die gemeente het dit uitgejubel:

"Die HEER wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie".

.....

KAN EK MAAR UITSTEL ?

C. Hattingh

In die vorige artikel is dit duidelik gestel dat die doop nie salig maak nie. Hieruit moet nie die gevolgtrekking gemaak word dat die doop nou ook maar onnodig uitgestel kan word nie. Wie dit probeer doen, speel met vuur. Ons het gesien: ouers met 'n bittere verwyd in hulle siel omdat hulle kindjie, wat hulle uit nalatigheid nie gedoop het nie, gesterf het.

Ouers kan so maklik uitstel! Sommige wil hulle kindjie darem eers 'n bietjie mooier en sterker laat word. Ander weer wag vir 'n Sondag waarop Oupa en Ouma ook teenwoordig kan wees en dan wag hulle soms tot twee of drie maande. Nog ander wag op 'n mooi dooprokkie wat nog nie klaar is nie... Die ergste... sommige stel sommer, uit pure nalatigheid uit, wat 'n onverskilligheid openbaar wat jou met skrik vervul!

Waarom nie uitstel nie?

Om presies 'n antwoord op dié vraag te gee, moet ons ons uitgangspunt neem in die **verbond**. God het met ons en ons kinders 'n verbond gesluit. Dit is iets om ons oor te verwonder: 'n verbond met God! Ons is in hierdie verbond met God gebore. Nee, ons het nie daarvoor gevra nie. God het sy verbond sonder meer vir ons opgelê. Dit is 'n feit wat God as God eenvoudig gestel het: Ek maak 'n verbond met jou en jou kinders. Is u nie bly hieroor nie? U is met u kinders in die verbond van God opgeneem so seker as wat u gedoop is!

Ek weet van een wat daarvoor besonder bly was. Ja, wat hom daarvoor verwonder het! Dit was Abraham. U lees dit in die Bybel — in Genesis 15! Daar word die verbondsluiting vir ons beskryf. Abraham het opdrag ontvang om 'n paar diere te slag, middeldeur te sny en die helftes teenoor mekaar te lê. As man van sy tyd het hy dadelik begryp wat dit beteken: dat God 'n verbond met hom gaan sluit!

Wat was vir Abraham hierin die wonderlike? Dat die Here in die gedaante van 'n rokende oond en 'n vurige fakkel (ons dink hier dadelik aan Sinai) verskyn het en ... **tussen die stukke vleis deurgegaan het!**

Hiermee het die Here eintlik dit gesê: Ek, die Almagtige God verklaar hiermee om liever in stukke gesny te word as om sy verbond met Abraham en sy nakomelinge nie na te kom nie! Hier sien ons hoe ernstig God van sy kant af die verbond opneem.

En Abraham?

God se verbond met Abraham en met ons het ook 'n ander kant. Die verbond lê nie net verpligtinge op God nie, maar ook op Abraham en sy nakomelinge waartoe ons

ons ook moet insluit deur die geloof (Rom. 4). Van Abraham en sy nakomelinge se

verpligtinge lees ons in Gen. 17. Gen. 17 is die hoofstuk oor die besnydenis. Dit is deur en deur 'n verbondshoofstuk. Die twee partye van Gen. 15 ontmoet ons nou weer hier: God en Abraham. God stel hom hier voor as God die Almagtige. Abraham en ons het dus 'n Bondgenoot: God, die **Almagtige**. Ons is helaas nie altyd so goed daarvan bewus dat ons 'n verbond met die Almagtige het nie.

In elke verbond het ons nie net twee partye nie, maar ook wedersydse beloftes en verpligtinge. Dit is maklik te sien in hierdie hoofstuk (Gen. 17). In vs. 2-8 gaan dit eers oor God se kant... God se beloftes in die verbond. Let op vs. 4: "Wat My aangaan ..." en dan volg in vs. 4-8 God se beloftes. Maar in vs. 9 kom die ander party aan die beurt met hierdie woorde: "Maar jy..." en dan volg Abraham se verpligtinge, wat onder meer hierin bestaan dat Abraham sy hele huis, al wat manlik is, sal besny op die agste dag. Die wat dit nalaat: die siel moet uit sy volksgenote uitgeroei (letterlik uitgesny) word. Hy het My verbond verbreek (vs. 14).

Die sonde van nalatigheid

In vs. 23-27 lees ons hoe Abraham aan hierdie verbondsverpligtinge voldoen het. **Op dieselfde dag**, staan daar in vs. 23 nadruklik by. U sien dus: Abraham **het nie uitgestel nie**. Hy het nie gesê dat hy dit later sal doen nie — oor 'n maand of wat nie. 'n Voorbeeld vir baie Christene wat hulle moet beskaam, omdat hulle die toediening van die Nuwe Testamentiese verbondsteken nodeloos uitstel. Nee, Abraham het dit op dieselfde dag gedoen. Hy het besef dat hy met God, die Almagtige te make het. Teenoor die Here van hemel en aarde pas geen slapheid nie.

God het die besnydenis so ernstig opgeneem, dat hy reeds in Gen. 17 'n vreeslike bedreiging uitgespreek het aan die adres van die man wat hierdie besnydenis sou durf nalaat. So iemand moet onverbidlik uitgeroei word. Nie-besny-wees sou opgevat word as 'n **weiering van die verbond**. Daarom was Moses in lewensgevaar toe hy nagelaat het om sy seun te besny. (Eksodus 4:24).

God wil gehoorsaam word. Hy duld geen uitstel as Hy beveel nie! Ons het tog eerbied, respek vir God!

Geld dit vandag nog?

Miskien sal u sê: dit is die Ou Testament. Ons in die Nuwe Testament is meer vry! Wees versigtig. Dit is **een verbond**. Die doop het in die **plek van die besnydenis gekom** en albei spreek dieselfde taal. Die doop is 'n seël van God se beloftes, maar die doop beeld ook straf uit... spreek ook van oordeel... as daar onverskilligheid en nalatigheid is.

God het ons en ons kinders in 'n verbondsverhouding tot Hom gestel. As ons dit aanvaar en hou, sal Hy ons seën, maar as ons nalatig is en dit breek, sal Hy ons besoek met sy vloek.

Van ons kant moet ons die verbond dankbaar en eerbiedig aanvaar en ons moet dit doen: so spoedig moontlik. Hier pas geen uitstel nie. Tereg lui die eerste doopsvraag daarom ook: ... erken u ewenwel dat hulle (dit is ons kinders) in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort **gedoop** te wees. Let op ... daar staan nie dat hulle gedoop behoort te word nie, maar **gedoop behoort te wees**. As skuld betaal **moet** word, dan kan dit miskien 'n paar dae nog wag, maar as skuld betaal behoort te wees, is elke uur van uitstel sonde.

'n Kind van die verbond behoort vanaf die oomblik van die geboorte gedoop te wees. Nie omdat hulle anders nie salig sou kon word nie, maar om God daarin te eer dat ons sy weldade graag ontvang ... sonder uitstel. Ja, hier pas geen uitstel nie.

.....